

’n Ekologiese perspektief op ’n Nederlandse sprokie vir letterkunde-onderrig in Afrikaans

Estelle Kruger

Opsomming

In hierdie artikel word op ’n sprokie van Godfried Bomans, “De rijke bramenplukker”, gefokus, om aan te toon hoe daar deur middel van sprokie-elemente aan hedendaagse omgewingswaardes van die samelewing aandag gegee kan word. Die intertekste wat met dié sprokie verband hou, sowel as die konteks van die skrywer en die gebruik van sprokies as literêre tekste vir die morele opvoeding van die adolessent word bespreek. Omdat letterkunde kan bydra tot die sensitisering van kulturele en estetiese waardes in sosiale kontekste, behoort sodanige tipe sprokies plek te hê in die sekondêre skoolkurrikulum, veral waar daar in die nuwe uitkomsgebaseerde onderwysbenadering klem gelê word op die ontwikkeling van waardes en verantwoordelike burgerskap. Die verskuilde ekologiese perspektief in genoemde sprokie word ontgin as moontlikheid vir belewenis van omgewingswaardes in die Afrikaans letterkunde-onderrigsituasie. Die teks is veral bruikbaar in die senior fase (grade 7-9) waar Nederlandse werke en sprokies vir leerders van Afrikaans voorgeskryf kan word.

Summary

The article focuses on a fairy tale by Godfried Bomans, “De rijke bramenplukker”, and the aim is to show how elements from fairy tales can address current environmental values in society. The writer discusses relevant intertexts and the context of the author, as well as the use of fairy tales as literary texts for the moral education of adolescents. The main argument is that literature can add to the sensitising of cultural (environmental) and aesthetic values in social contexts and therefore these types of fairy tales can form part of the secondary school curriculum, especially with the emphasis of the approach in the new outcomes-based education on the development of values and responsible citizenship. The hidden environmental perspective in the fairy tale is explored as a possibility for the experience of values in the teaching of Afrikaans literature. This text is useful in the Senior Phase (Grades 7-9) where fairy tales as well as Dutch literary texts may be prescribed for learners of Afrikaans.

- * LW In hierdie artikel sluit verwysings na die manlike vorm deurgaans ook die vroulike vorm in, behalwe wanneer daar na die karakters in die sprokie of spesifieke outeurs verwys word.

1 Inleiding

There is a hole in the moral ozone.
(Josephson in Sommers 1993)

Saam met die globalisering, materialisme en uitgebreide tegnologie het 'n verwarring van waardes in die onderwyssituasie ontstaan. Aan die begin van die nuwe eeu staan ook adolessente in Suid-Afrika op die drumpel van 'n toekoms waarin hulle sal deel uitmaak van besluitneming oor onderwyskwessies. Jongmense (wat in 'n postmoderne samelewing opgegroeï het waar mense deur middel van gespesialiseerde tegnologie geleidelik deel kon word van die globale opset) het implisiet 'n stel waardes saamgestel waarvolgens hulle leef. Hierdie waardes word deur vloeibaarheid en dikwels nihilisme gekenmerk.

In Februarie 2001 is 'n konferensie in Kaapstad gehou oor waardes, onderwys en demokrasie, waarin oor Nasionale Onderwys se sentrale doelstellings van onder andere billikheid, verdraagsaamheid, openheid, sosiale eergevoel en verantwoordbaarheid besin is. Adjunkpresident Jacob Zuma het tydens sy openingsrede gesê dat skole 'n belangrike rol het om demokratiese waardes en nasiebou in Suid-Afrika te help vestig. As voorbeeld van onmenslikheid en 'n gebrek aan respek vir ander is genoem die misdad in die land wat hoogty vier as gevolg van materialisme, wreedheid en gevoelloosheid teenoor ander. Ook die Minister van Onderwys, Kader Asmal, glo dat 'n gemeenskaplike waardestelsel wat deur almal aangeneem kan word, in skole gevestig moet word (Waardes in die onderwys 2001).

Hierdie artikel wil aantoon watter elemente van 'n sprokie deur Godfried Bomans, naamlik "De rijke bramenplukker" (1948), gebruik kan word met adolessente leerders van Afrikaans om 'n bydrae te lewer tot die belewenis van enkele van bogenoemde waardes, meer spesifiek omgewingswaardes. Die skrywer sluit hierin aan by Ester:

Zou dit inzicht in de noodzaak van een gemeenschappelijke basis van niet aan tijd of cultuur gebonden verhalen als sprookjes voor zowel de individuele als de nationale ontwikkeling algemene steun verwerven, dan zijn consequenties op het officiële pedagogisch-didactische vlak onvermijdelijk Ik beschouw een gemeenschappelijke bron van literaire teksten voor een gemeenschap van mensen van vitaal belang.

(Ester 1996:138)

Die sprokie wat in hierdie artikel vanuit 'n ekologiese perspektief bespreek word, het die potensiaal om 'n voorbeeld te wees daarvan dat letterkunde-leerders toegerus kan word om beter in hulle wêreld aan te pas en om as kultuurskeppers verantwoordelikheid te neem vir die risiko's wat tipies is van die onderskeie dimensies van hulle omgewing. Die bedoeling van die artikel is om daartoe by te dra dat leerders op skool reeds met 'n relevante (ekologiese) en verantwoordbare kontemporêre siening van Bomans se sprokie kan kennismaak (volgens Du Plooy 1990: 22).

2 Sprokies en waardes

Our greatest need and most difficult achievement is to find meaning in our lives.
(Bettelheim 1976: 3)

Volgens Ester (1996: 136) beklemtoon die sosiologiese benadering tot sprokies heel alledaagse aardse probleme waarmee die mens gekonfronteer word. Die sprokie probeer om oplossings vir die werklike bestaansprobleme na vore te bring. Dit kan egter nie ontken word nie dat sprokies wat in die loop van die negentiende eeu steeds as beperk tot die domein van die kinderkamer gesien is, self 'n interpretasiesleutel by die konfrontasie met die werklikheid vorm.

In 'n bespreking van die waardevolle bydrae wat sprokies en fantasie tot die ontwikkelingsproses kan maak, meen Field en Weiss dat “values, interpreted as ethical ideals that motivate personal effectiveness or social commitment, are considered to be the ‘glue’ of civilization” (Field & Weiss 1987: 1). En ten opsigte van fantasie vir adolessente meen genoemde skrywers dat dit slegs redelik volwasse lesers is wat begrip kan hê vir fiksie wat handel oor “humaneness, appreciation of differences, tolerance, and lack of prejudice” (p. 136). Dit is veral die laasgenoemde groepe waardes wat van toepassing is op die gekose sprokies, en dit sal later meer in besonderhede uitgelig word.

Meade en Small (1973: 231) meen dat opvoeders seker moet maak dat letterkundige tekste binne die raamwerk van die leser se vlak van volwassenheid val en dat die leser se eie ervaring dit moontlik moet maak om betrokke te kan raak in die teks. Volgens dié outeurs moet die opvoeder letterkundige tekste kies wat die leerder as “significant and compelling, an exciting reflection of human experience” kan ervaar. Opvoeders “must apply this standard honestly, even though we may sometimes find the consequences embarrassing” (Bruner aangehaal in Meade & Small 1973:231). Volgens Bruner moet 'n kurrikulum gebou word rondom “great issues, principles, and values that a society deems worthy of its members”(p. 231).

Stephenson (1998: 179) verwys na Dibella en Hamston (1989) se suggestie dat letterkunde-leerders daartoe in staat gestel kan word om hulle eie waardes

te identifiseer en te verhelder, om te besin oor hulle eie ervarings, om betrokke te raak by nuwe ervarings via die literêre medium, en om deur middel van identifikasie en interaksie met die karakters betekenis in verhale te vind en begrip te kry vir sensitiewe lewensvraagstukke. Die lees van Bomans se sprokie as letterkundige teks bied geleenthede waardeur die adolessent vrygemaak kan word

from narrow prepossession and confining habits, from the dominion of the repetitive and the inert, and in his coming to recognize the many sides that there are to any moral issue and thus to appreciate the range and difficulty of the moral choices by which he is faced

(Stephenson 1998: 179)

'n Bespreking van die mate waarin omgewingswaardes deur die sprokie gerealiseer word, sal later in die artikel geïntegreer word met die volgende elemente van sprokies (Lohann 1986; Steenberg 1987): styl van vertelling; struktuur; karakter; dialoog; die onbewuste en die leser se verbeelding; simboliek; humor en die absurde (wreedheid).

Vervolgens 'n kort opsomming en interpretasie van “De rijke bramenplukker” deur Popelier (1981: 54-55), 'n sprokie wat deur dié outeur 'n *klassieke* vertelling genoem word:

De geschiedenis van een simpel mens die leeft in volstrekte eenzaamheid maar gelukkig is en in verrukking gebracht word door de dauwdruppels die hij beschouwt als even zovele diamanten, door de vijvers die voor zijn ogen omgetoverd worden tot kristallen spiegels en voor wie de wereld waarin hij leeft één geweldig paleis is. De hebzuchtige mensen die van zijn schatten horen, stromen er op af. Verbitterd en teleurgesteld als blijkt dat er geen enkele schat is, hangen ze de bramenzoeker op. Voor dromers en dichters is er nu eenmaal geen plaats in onze materialistische wereld.

(Popelier 1981: 54-55)

3 Teks en intertekst in Bomans se oeuvre

Dit gaan om tekens wat ander tekens impliseer en om tekste wat ander tekste weerspieël in 'n labirint van spieëls.

(Degenaar 1990: 6)

Nolte (1989: 7) merk op dat 'n kunswerk/teks nie die eindresultaat van 'n oorspronklike, geniale individu se skeppingsaksie is nie, maar 'n dinamiese, onafgehandelde, kollektiewe produksieproses waaraan talle skrywers en lesers 'n aandeel gehad het en nog sal hê. Binne hierdie beskouing kan die opvoeder

dus die moontlikheid raaksien om die sprokie te lees met die oog op identifisering van verskuilde omgewingswaardes. 'n Ekologiese benadering tot die lees van Bomans se sprokie sal dus gebruik word as 'n ondersoekmiddel (“scanning device”) (Ruthven in Meintjes 1994: 81) wat tot nuwe begrip (en toepassing in die onderrig van letterkunde) van die verskuilde waardes in die kunswerk kan bydra.

Harty (1985: 10) se bespreking van die oorsprong van die konsep *interteks* as 'n verweefde netwerk van verwysings lei tot die strategiese lees- en interpretasieproses waardeur die vermenging van beskikbare tekste rondom “De rijke bramenplukker” bewerkstellig kan word. Daar word voorts gekonsentreer op versweë intertekste – dit wil sê ander tekste wat in verhoudings staan tot die taal waarbinne hierdie sprokie gerealiseer word, of soos wat Kristeva dit sien:

in a space of a given text, several utterances, taken from other texts, intersect and neutralize one another

(Kristeva aangehaal in Nolte 1989: 4)

In 'n bespreking van Godfried Bomans se oeuvre, meen Brouwers (1982: 58) dat Bomans die enigste sprokieskrywer in die Nederlandstalige literatuur was wat die genre van sprokies met meesterskap beoefen het. Brouwers (1982: 58) haal ook Knap aan wat sê: “as Andersen niet zou hebben geleefd diens mantel thans om de schouders van Bomans zou hangen” (Knap in Brouwers 1982: 58). Brouwers (1982: 71) beskou Bomans as 'n magistrale stilis en meen dat as Bomans 'n literêre prys sou verdien het, sou dit minder om die inhoud van sy geskifte as om die vorm daarvan gewees het. Popelier (1981: 57) maak die opmerking dat Bomans juis in sy eenvoud sy grootste vertellersgawe toon.

Sonder dat hy dit so eksplisiet in gedagte gehad het, wil dit voorkom asof Bomans 'n beskrywing van sy eie visie gee (1982: 138-139) as hy self aan die woord is in 'n waardering van Arthur van Schendel se skrywersgawe. Bomans het 'n groot respek vir Van Schendel en beskou hom as “waarlijk de rijke man (die) meer laat raden dan een ander (en daarom) heeft zijn stijl iets effens als van een vijver, die diep is” (p. 139). In hierdie uitspraak vind ons die interteks vir begrip van die hoofkarakter in die sprokie onder bespreking.

In 'n bespreking van Hans Christian Andersen se werk, noem Bomans (1982: 177-179) enkele kenmerke wat hy in Andersen se styl waardeer, eenskappe wat treffende intertekstuele beskrywings van die hoofkarakter in “De rijke bramenplukker” is. Bomans meen die merkwaardige kombinasie van argeloosheid en ironie wat by Andersen aangetref word, het hom vir die sprokie bestem, omdat die sprokie immers beide elemente bevat. Hierdie merkwaardige kombinasie van argeloosheid en ironie is onskuldig, maar volgens Bomans het Andersen daarby

dat greintje boosheid, presies genoeg om aan zijn sprookjes de gekruideheid te geeven Hij was werkelyk “boos”, in de zin van teleurgesteld, verongelyk ... treurig ... bedroefd ... tragiek ... miskend ... onderschat en niet begrepen.

(Bomans: 1982: 178-179)

Verdere intertekstualiteit vind die skrywer in Bomans (1948: 144-147) se sprokie, “De dood van de sprookjesverteller”, waar die motief van verganklikheid deur Popelier (1981: 56) beskryf word as hy sê dat Bomans se humor hier ’n dimensie bykry, aangesien “De dood van de sprookjesverteller” in weemoedigheid gehul is. Dieselfde kan gesê word van die dood van die ryk braamplukker.

4 Konteks van die leser van die sprokie

We are living in a period after truth.

(Kundera in Degenaar 1990: 6)

Harty (1985: 7) meen dat konteks dikwels nodig is om betekenis te gee aan ’n uiting. Hierin stem hy met Derrida saam as dié beweer dat geen betekenis buite konteks geplaas kan word nie, en Harty verwys daarmee spesifiek na Derrida se uitspraak as dié aanvoer “the ability of certain words called deictics or shifters to refer directly from the text to the context while remaining semantically inexplicit ...” (Derrida in Harty 1985: 7). Saam met Halliday en Hasan (Harty 1985: 7) kan die situasionele konteks van “De rijke bramenplukker” gesien word as die “extra-linguistic factors relating to the text” – dus die eksterne faktore wat die linguistiese keuses van Bomans as skrywer, en van adolessente leerders van Afrikaans as lesers van hierdie sprokie beïnvloed. Hier word veral gedink aan die diskoers van die deelnemers binne die konteks van die sprokie – dus watter verwysings, voorveronderstellings en implikasies gemaak kan word.

Wat Harty (1985: 8) die *genetiese konteks* noem, naamlik die skryfstyl van die outeur, is reeds in die vorige afdeling oor Bomans bespreek. Die kontekstuele rekonstruksie van tekstuele dekonstruksie kan bydra tot die pluraliteit van hierdie sprokie se struktuur. Dit verhoog die vrye spel van betekenis en vermeerder die verskeidenheid interpretasies.

In verband met die leerders van Afrikaans as lesers se konteks, is die volgende aspekte ter sake:

- die kultuur van Uitkomsgebaseerde Onderwys waarbinne sekere waardes gerealiseer behoort te word en wat daarvoor voorsiening maak dat sprokies in die senior fase (grade 7-9) gelees kan word en dat daardeur

ontwikkeling van waardes kan plaasvind, soos reeds in die inleiding genoem;

- die kenmerke van adolessensie binne 'n verwysingsraamwerk van waarde-ontwikkeling; en
- ontwikkeling van omgewingswaardes wat relevant en bruikbaar is binne die opset van die ekologiese lees van hierdie Nederlandse sprokie in die onderrig van Afrikaans.

Paterson (1979: 124-125) verwys spesifiek na die beginsels van Kierkegaard (individuele verantwoordelikheid teenoor “konformiteit binne groepsverband”) en Sartre (bewustheid en “keuse”) en beweer dat dit in die morele opvoeding van die volwassene (lees: adolessent) gaan oor die heteronome mens (onderworpe aan wette deur ander gemaak) teenoor die moreel outonome persoon wie se persoonlike oordeel berus op formele en voorskriftelike universele waarhede. Vir Paterson bestaan morele outonomie uit die vermoë om op 'n gebalanseerde en ingeligte basis te besin oor die lewe en te onderskei tussen opsies en gepaardgaande risiko's. Sodanige outonomie sluit kennis van 'n situasie (gegeë 'n matriks van relevante feite) en gevoelens wat daarmee saamhang (bewondering, goedkeuring, afkeuring en veragting) in. In die konteks van die lees van Bomans se sprokie beteken dit dat die leerders in die sekondêre skool vir wie dit gebruik kan word, leerders is wat alreeds ten minste 'n minimum implisiete begrip het van die vermoë om 'n morele keuse of oordeel oor omgewingskwessies te maak en dus in staat is om die verskuilde waardes in die sprokie te begryp.

Verder is Paterson (1979: 142) van mening dat morele opvoeding van die adolessent 'n funksie van die hele kurrikulum is en nie net dié van 'n aparte module of besondere vak nie. Tog maak dié outeur spesifiek melding van die werklikheid van algemene menslike ervarings, wat veral uitgebeeld word in vakke soos Geskiedenis, Kuns en Taalstudie (Letterkunde en Drama). Omgewingsgeletterdheid kan hierby ingesluit word (Schreuder 2002: 9). Laasgenoemde kan veral bydra tot morele opvoeding omdat dit verrykend kan wees vir die leerder se begrip van homself en ander in die omgewing.

Vir 'n wetenskaplike benadering tot omgewingsgeletterdheid en -opvoeding is dit nodig om kennis te neem van Schreuder (2002) se benadering tot omgewingsonderwys en die didaktiese implikasies daarvan vir die onderrig van Afrikaanse letterkunde. Meintjes (1994: 72) meen dat 'n ekologiese perspektief by die studie van die literatuur opwindende moontlikhede kan hê, want,

soos die omgewing is die literêre teks ook 'n sisteem waarvan die onderdele 'n organiese geheel vorm en waarvan die totaliteit meer as die somtotaal van die onderskeie onderdele is.

(Meintjes 1994: 72)

Volgens Paterson verskaf letterkundige studies geleenthede om in interaksie te tree met karakters en situasies waarin die individu en die kompleksiteit van die menslike natuur uitgebeeld word, sowel as die “moral ambiguities which haunt the human condition” (Paterson 1979: 142). In aansluiting by Meintjes (1994: 73) kan gesê word dat 'n literatuur-ekologiese benadering van die gekose sprokie van Bomans 'n omgewingsaktualiteit ten opsigte van waardes kan ontgin, omdat die tekstuele belang van die ruimte in hierdie sprokie besonder opmerklik is.

In 'n omvattende bespreking van waardes in geselekteerde jeugliteratuur waarby fiksie en fantasie ingesluit is, maak Field en Weiss (1987: 36) die opmerking dat fantasie morele waardes dikwels duideliker uitbeeld as realistiese stories. Mason (in Weiner & Stein 1985: 50) meen dat fantasie vir adolessente alleenlik suksesvol kan wees wanneer dit 'n kredietwaardige werklikheid kan skep met werklike en herkenbare waardes vanwaar die leser se verbeelding gestimuleer word, selfs as ontvlugting. “De rijke bramenplukker” is 'n fantasieverhaal wat die lewe uitbeeld ten opsigte van die ewige stryd tussen goed en kwaad, waar die goeie nooit heeltemal kan oorwin nie, want kwaad bestaan wel in hierdie werklikheid. Die uitdaging van die stryd kan egter volgens Painter (in Weiner & Stein 1985: 45) vir die avontuurlike leser 'n manjifieke ervaring wees.

In sy bespreking van Bomans se oeuvre maak Popelier (1981: 50) die opmerking dat dit 'n misverstand is dat sprokies

een vertelsel voor kinderen is romanticus [is] iemand die in een voortdurende onvrede leefde met zijn eigen wereld en daarom de wereld trachtte te ontvluchten. Zo zocht hij dan zijn toevlucht in de droom, de fantasie, en zo moest hij dus wel het sprookje ontdekken.

(Popelier 1981: 50)

Verder meen Popelier (1981: 56) dat die eenvoud van sprokies ons nie die gevolgtrekking moet laat maak dat hierdie stories kinderverhale is nie, want dié skynbaar eenvoudige verhaaltjies is meer as wat 'n kind kan verstaan – dit handel oor sake wat slegs deur volwassenes deurskou kan word. Steenberg (1987: 51) meen dat kunssprokies (in die besonder “De rijke bramenplukker” van Bomans) nie vir kinders bedoel is nie, maar volwassenes as teken het. Dit stem ooreen met Zipes se siening (Combrink 1989: 58) van die funksie van sprokies, naamlik dat die ideologiese waardes daarin vir volwassenes bestem is.

Uiteindelik is veral een van die konsepte wat Paterson (1979: 134) noem belangrik in die onderskeiding van waardes in Bomans se sprokie, naamlik dat 'n oordeelsfout gemaak word wanneer mense óf oordryf en die waarde van iets dus oorbeklemtoon óf dit as minderwaardig ag, “because he is prone to overestimate, or underestimate, the degree of goodness or badness of the things with which he has to do” (Paterson 1979: 134). Dit is juis hierdie tipe oordeelsfout van die hoofkarakter wat in “De rijke bramenplukker” tot die tragiese einde gelei het.

Wat “De rijke bramenplukker” betref, is dit ook belangrik om te let op die onderskeid wat Paterson (1979: 129) tref tussen *goed* (fisiese voorkoms en skoonheid, staat van bewus wees van die belangrikheid van objekte, en die bewus wees van ander persone) en *kwaad* (die afwesigheid van dit wat as goed beskou word). Ook beweer Paterson (1979: 130): “Ascriptions of value are certainly not the same as descriptions of empirical fact”. Hiermee gee Paterson implisiet 'n goeie verduideliking van die misverstand en wankommunikasie tussen die karakters in die gekose sprokie.

5 Eko-literêre betekenisgewing tydens die lees van die sprokie

In every story is a silence.
(Coetzee in Degenaar 1990: 6)

5.1 'n Eko-literêre benadering tot Bomans se sprokie

Meintjes (1994: 76) meen dat die eko-literêre benadering sigself van 'n wye verskeidenheid ekologie-teorieë kan laat bedien. In hierdie artikel is dit veral Schreuder (2002) se model van omgewingsopvoeding wat gebruik word as agtergrond waarteen die omgewingswaardes in die sprokie gesien word, met die doel om 'n groter “resonansieruimte” aan die sprokie te gee en die betekenislaag daarvan te verbreed (Meintjes 1994: 77).

“De rijke bramenplukker” kan binne 'n ekologiese perspektief gelees word, wat vernuwendeleesstrategieë binne die letterkunde veronderstel (Meintjes 1994: 72). In hierdie sprokie is dit die oorheersing van die massa oor die individu wat na vore kom en daarmee saam politieke-ekonomiese oorheersing, die mens se begeerte na geld en materiële welvaart ten koste van respek vir die menslike lewe, “ekologiese onsensitiwiteit ten opsigte van leweloze elemente van die ekosisteem wat deurwerk tot 'n onsensitiwiteit ten opsigte van mense” (volgens Meintjes (1994: 78) se bespreking van Afrikaanse romans binne hierdie perspektief).

Schreuder (2002: 8-9) pleit vir 'n nuwe benadering tot omgewings-

geletterdheid en meen dat dit nie 'n dissipline of faset van die kurrikulum is nie, maar dat dit deur alle opvoeders in hulle onderskeie leerareas geïntegreer behoort te word om die “mistieke vloei van lewe” te herstel. Volgens hierdie outeur behels omgewingsgeletterdheid die vermoë om die basiese werking van 'n mens se omgewing (biofisies, sosiaal, ekonomies en polities) te verstaan, en die kragte wat die funksionaliteit, gehalte en perke daarvan beheer, te kan identifiseer. Dit is vir Schreuder (2002: 7) belangrik dat opvoeders hulle daarvan sal vergewis of hulle leerders voorberei om ingesetenes (inhabitants) te wees (betrokke mense wat hulle plek deeglik ken, waardeur en konstruktief daarin deelneem), eerder as net bewoners (residents) wat net genoeg van hulle woonplek weet om dit te ontgin en te eksploiteer.

As 'n mens na die ruimtelike bewussyn van die hoofkarakter van Bomans se sprokie kyk, is dit duidelik dat dié karakter skaars funksionele omgewingsgeletterdheid (Schreuder 2002: 7) gehad het, en dus te klein en onmagtig was om werklik 'n verskil te maak. Verder is die burgers van die stad 'n uitbeelding van mense met 'n ooglopende gebrek aan omgewingsgeletterdheid, 'n kwessie wat uiteindelik tot die tragiese dood van die braamplukker lei.

Al die karakters in die sprokie tree dus nie op in interaksie met die vier omgewingsdimensies (biofisiese, sosiale, politiese, ekonomiese) nie (Schreuder 2002: 4), en dit dra by tot die konflik. Waar die braamplukker net binne die biofisiese optree en neig na die sosiale dimensie wanneer hy agterkom hoe aangenaam dit vir hom is om 'n medemens te ontmoet, tree die burgemeester en sy gevolg weer net binne die ekonomiese en politiese dimensies op en stel glad nie in die natuur belang nie. Die stadsburgers se gedrag word gemotiveer deur hulle materialistiese begeertes wat vir hulle valse sekuriteit bied, en hulle steriele kennis van die mistieke wonders van die natuur lei tot 'n “antroposentriese disrespek vir sowel die wondere as die perke van die aarde” (Schreuder 2002: 3).

5.2 Vertelkonvensies in Bomans se sprokie

Tydens verkenning van die vertelkonvensies van “De rijke bramenplukker” as sprokie, moet gelet word op die styl van vertelling, struktuur, karakter, dialoog, ruimte, onderbewuste, simboliek, humor en die absurde. Lohann (1986: 57) bespreek die sprokie se kompakte vorm en meld dat dit noodsaaklik is om die essensiële te sê, om dinge te suggereer eerder as om dit in direkte woorde weer te gee omdat so 'n stelwyse meer gewig dra as uitvoerige beskrywings. In Bomans se sprokie is dit duidelik dat dit 'n teks is wat oor vernietiging, verwording en verval handel en die implikasie daarvan is dat die gebeure tot ekologiese verval lei, omdat mense deur hulle materialistiese begeertes gedryf word.

Kenmerkend van Bomans se *styl* as sprokieskrywer is die eenvoud van sy

vertelling. Bomans self sê:

Eenvoud is niet het kenmerk van den beginner, gelijk men veelal meent. Het is het duur bevochten stempel van den meester. Het is de lauwerkrans van den ouderdom. De meeste schrijvers beginnen met ingewikkeld te zijn; enkele verkoren eindigen met eenvoudig te worden.

(Bomans 1946: 5-6)

Bomans beskou eenvoud nie as 'n beperktheid nie, maar wel as 'n beperking. Popelier (1981: 52) praat van 'n skynbare eenvoud en dat die verteller gebonde is aan wette wat hy nie sonder straf kan oortree nie. Doen 'n outeur dit wel, word hy/sy onnatuurlik en dit is die ergste wat met 'n sprokie kan gebeur.

In “De rijke bramenplukker” is dit veral die eenvoud van die hoofkarakter se lewenswyse wat raakgesien word. Alhoewel die hoofkarakter en die verteller telkens die fisiese omgewing met baie woorde beskryf om die vreugde wat hy daaruit put te verwoord, is die voedsel wat hy die besoekers aanbied, nederig. Die braamplukker se huisie is klein (Bomans 1948: 21), maar uiteindelik is dit veral sy eenvoudige karakter, sy ervaring van oorfloed te midde van die eenvoud van sy lewe, die onskuld en naïwiteit waarmee hy dinge en mense in sy lewe bekyk, geniet en aanvaar wat die opvallendste is. In die lig van Moseley (in Schreuder 2002: 7) se omgewingsgeletterdheidskontinuum lyk dit of die braamplukker slegs oor nominale omgewingsgeletterdheid beskik, hoewel hy nie eens basiese verduidelikings vir sy eie betekenisgewing kan gee nie. Tog is dit duidelik dat hy wel 'n persoon is wat sy omgewing bewoon en geniet en nie net daarin vertoef nie.

Neethling (1977: 41) is versigtig om veralgemenings te maak, maar noem tog die volgende elemente as tipiese kenmerke van die *struktuur* van 'n sprokie: episodes wat mekaar vinnig opvolg, die onmiddellike bekendstelling en tipiese inleiding, sowel as herhaling van elemente. Pienaar (1988: 64) meld dat “De rijke bramenplukker” heelwat ooreenkomste met die tradisionele sprokie toon, want die sprokie begin met die woorde: “Velen jaren geleden ...” en daar is heelwat herhaling in die aksies en tydsaanduidings.

Die einde van “De rijke bramenplukker” verskil van kindersprokies in die algemeen, want in hierdie sprokie is die einde nie finaal en afgerond nie, want buiten dat die slot nie 'n gelukkige einde vir die hoofkarakter bring nie (hy word opgehang) is die skynbare onregverdigheid daarvan deel van die gapings wat gelaat word om die leser te laat wonder oor wat verder (kan) gebeur.

In die gekose sprokie is dit veral die gereelde voorkoms van *dialog* (ook selfgesprek) wat opvallend is, en dit stem ooreen met wat Popelier sê oor Bomans se skryfstyl:

Bomans is in zulke verhalen op zijn best. Hij beschrijft niet, hij redeneert niet,

hij vertelt alleen maar. En eigenlijk is hij zelf niet aan het woord maar zijn figuren die gaan leven door hun dialoog.

(Popelier 1981: 53)

Die atmosfeer en stemming van hierdie sprokie lê opgesluit in die aanwending van die dialoog, waarin die verteller die dramatiese verhoog en 'n afwisseling bied tussen die sprokie en beskrywings deur die lig op sekere gedeeltes te werp. Met noukeurige herlees besef die leser dit is veral in die dialoog in "De rijke bramenplukker" waar daar 'n misverstand ontstaan wanneer die braamplukker praat van sy portale wat nie groen is nie, maar ligblou met wit vlekke (Bomans 1948: 23), terwyl die reisiger dit later aan die burgemeester en mense oorvertel en as "groene zuilegangen" p. 25) beskryf. Ook dit wat die reisiger "mozaïek" noem teenoor die mense (p. 25) is juis wat die braamplukker nié bedoel het nie (p. 23). Die onskuld van die hoofkarakter en die wanvoorstelling en oordrewe (feitelike) beskrywing van die reisiger is dus elemente wat deur middel van die dialoog klem verkry.

Popelier praat van Bomans se intuïsie en dat hy vertel met die stem van die *onbewuste*:

Hij is een soort slaapwandelaar, op weg naar het betoverde slot. Hij weet te weinig om snel door te lopen, te veel om stil te staan. In deze somnambulistische toestand is het de stem van het onbewuste, waarnaar hij zich te richten heeft.

(Popelier 1981: 52)

Tesame met die intuïtiewe sintuig vir die moontlike en onmoontlike, het die sprokie die gawe om die leser se *verbeelding* te stimuleer. Sloan (in Combrink 1989: 80) meen "a developed imagination is fundamental to the survival of a sane society", en Frye (in Combrink 1989: 80) is van mening dat dit juis letterkunde is wat verbeelding kan voed. Combrink (1989: 80-81) maak die stelling dat ware literatuur nie daarop ingestel is om te leer of te preek nie. Dit gee vorm aan menslike ervaring, omdat begrip van literêre strukture help om insig in die lewe te gee. Hoewel daar ooreenkomste is tussen die primêre werklikheid en die sekondêre wêreld van die literêre teks, is letterkunde nie 'n replika van die werklikheid nie. Dit is veral die literêre gapings in Bomans se sprokie wat potensiaal het vir meerduidige ekologiese betekenisgewing.

In die lig van hierdie skepping van gapings is dit 'n goeie keuse om tydens die lees van hierdie sprokie saam met adolessente 'n responsgerigte onderrigbenadering tot letterkunde te gebruik, juis omdat daar in hierdie benadering na die leser se verwagting, gevoelens, intellektuele interpretasie en voorspelling van gebeure gekyk kan word. Hiermee saam kan gelet word op die onbeantwoorde vrae van Pienaar (1988: 75):

- Waarom word soveel klem gelê op die braamplukker wat vir soveel jare alleen woon?
- Waarom is juis die braamplukker se sonderlinge beleving van die natuur van soveel belang?
- Waarom eis die ontdekkingsreisiger nie al die rykdom vir homself op nie?
- Waarom betrek die reisiger die massa?
- Waarom is dit nodig dat die onskuldige braamplukker so 'n wrede dood moet sterf?
- Waarom kies Bomans juis die sprokievorm?

'n Bruikbare bydrae deur die teoretici van die “New Criticism” is volgens Harty (1985: 3) hulle besorgdheid en hulle bemoeienis met ironie, dubbelsinnigheid en paradoks in literêre tekste. Laasgenoemde behels 'n omgang met interpretatiewe strategieë waarby 'n semantiese geslotenheid die betekenis en omvang van 'n teks bepaal. Degenaar (1990: 7) praat van die teks wat sy gapings wys en die leser (in hierdie geval die adolessent) van stryk bring, 'n vervreemdingsmoment wat die leser se hele taal in 'n krisis laat verkeer – 'n uitnodiging aan die leser om die gaping te vul met sy eie leesaksie en interpretasie. In sy bespreking van Arthur van Schendel, maak Bomans self die volgende opmerking:

men moet altijd gaten oophouden. Men moet dingen niet schrijven en het toch zeggen door ze te laten gissen. Men moet het diepste uitspreken door het te verzwijgen. Men moet de stilte woord geven.

(Bomans 1982: 138)

Neethling (1977: 42-43) noem die eendimensionele *aard van die karakters* wat kenmerkend is van die sprokie. Meestal dui die titel op die hooffiguur of anders gee dit 'n blik op die grondgedagte van die sprokie, en dikwels lê daar ook in die naam iets van die wese van die karakter opgesluit. Dit is waar van “De rijke bramenplukker” aangesien rykdom alreeds in die titel gesuggereer word, alhoewel die sekondêre werklikheid dit uitlig dat hierdie rykdom eintlik van 'n dieper aard is as fisiese (in geldwaarde) besittings.

Stewig (1980: 168) maak ook melding van die eendimensionaliteit van sprokiekarakters, en noem spesifiek die voorkoms van die dwaas (“simpleton”) as stereotipiese figuur, wat sprekend is van die eenvoudige en onskuldige hoofkarakter in die onderhawige sprokie. Dit hang weer saam met wat Ester

(1996: 138) “stereotiepe sociale rolle in een ijzersterke tradisie” noem. Dit is dan die rol van die braamplukker om idealis te wees.

Popelier (1981: 54) gee ’n verduideliking van die feit dat daar nie genuanseerde denke in sprokiekarakters is nie, dat daar geen geskakeerde karakters is nie; hulle is alleen maar wit of swart, “dom of slim, goed of slecht, rijk of arm”. Popelier pas hierdie uitspraak spesifiek op Bomans toe en sê ’n mens kan maar slegs raai waarom dit so is, want ’n gedetailleerde beskrywing bly agterweë. Dit moet ook so wees, omdat sprokiesfigure wat volledig ontwikkel en genuanseerd sou wees, te veel uitgesproke kontoeere sou kry wat dan op ’n ieder en ’n elk van toepassing sou wees. Bomans se hoofkarakter in “De rijke bramenplukker” aanvaar die wonder van sy rykdom as die gewoonste saak van die wêreld. Selfs sy dood aan die einde word sonder kommentaar aangebied, “want in het sprookje moet je geen kommentaar geven en het wonder onaangetast laten” (Popelier 1981: 54).

Ook die ander karakters in “De rijke bramenplukker” is in ooreenstemming met wat Lüthi (in Ester 1996: 132) as een van die minimum vereistes vir sprokies noem: persone en dinge wat oor die algemeen nie individueel getipeer is en langs skerp lyne tussen byvoorbeeld goed en kwaad van mekaar onderskei word nie. Bettelheim (1976: 8-9) verwys na hierdie opponerende kwaliteit van karakters in sprokies as *polarisasie*, ’n jukstaposisionering van karakters in ’n eksistensiële dilemma. Soos wat die braamplukker idealisme tipeer en verteenwoordig, is die reisiger, burgemeester en burgers almal op ’n unieke wyse draers van materialisme.

As ’n mens na die karakters in “De rijke bramenplukker” kyk, is dit duidelik dat hier twee groepe mense is, naamlik die ou braamplukker aan die een kant, en aan die ander kant die ontdekkingsreisiger, die burgemeester en die massa (die burgerstand). As die leser na die waardes waarvoor elkeen afsonderlik staan kyk, is dit duidelik dat idealisme teenoor materialisme staan. Die braamplukker, by wie die verbeelding so ’n groot rol speel en wat die skoonheid van die natuur in ’n verheerlikte lig beleef, kan gesien word as verteenwoordiger van die idealisme wat slegs enkele aanhangers het. Die braamplukker se dood kan simbolies gesien word as die idealisme wat uiteindelik die knie voor die kapitalisme moet buig, want “tijd is geld”. Die tragiese dood van die hoofkarakter simboliseer dat daar vir die individu, die andersdenkende en vir verbeelding geen plek in die samelewing is nie. Deur ’n oordeelsfout aan die kant van die hoofkarakter bewerkstellig hy sy eie dood; daarom is dit tragies.

Laastens is *simboliek* (ook van goed en kwaad, soos wat dit deur die karakters verteenwoordig word) ’n verdere kenmerk van sprokies. Lohann (1986: 56) maak die opmerking dat sommige kenners van die sprokie soveel simboliese betekenis daarin sien dat dit insig kan gee in lewensvraagstukke. Combrink (1989) bespreek enkele van hierdie wetenskaplike benaderings tot

sprokies en die simboliek daarvan, naamlik die *psigologiese benadering* (waarvan Bettelheim die belangrikste verteenwoordiger is, gevolg deur Favat, Von Franz, Zipes en Scherf), sowel as die *mitologiese* en *argetipiese* benaderings wat veral deur Propp, Lévi-Strauss, Frye en Sloan verteenwoordig word. Die ekologiese duiding van die sprokie word juis ontgin deur die simboliek van die sprokie. Die onderliggende semantiese verbande wat nie eksplisiet in die teks van “De rijke bramenplukker” gerealiseer word nie, maar afgelei kan word van die gegewe (Harty 1985: 3-4), kan na aanleiding van die artikel se leesaksie die verskuilde ekologiese waardes genoem word.

In verband met die dieper lae van betekenis meen Bomans self dat daar in alle volke van die aarde gelyke, algemeen menslike verlangens en idees leef wat die steeds terugkerende motiewe van sprokies vorm.

[H]et zijn de groote menschen die de sprookjes oplichten om te kijken of er wat “onder” zit. En dijkwijs vinden zij wat, want de meeste sprookjes zijn zinvol, somtijds zonder dat de makers het self bevroedden. Maar het gebeurt ook wel eens dat zij te veel vinden

(Bomans 1946: 4, 11)

Met Bomans se implisiete waarskuwing in gedagte, naamlik dat die volwasse leser dalk te veel dieper betekenis en motiewe kan vind, kan hier tog enkele ander moontlikhede van dieper betekenis en motiewe in “De rijke bramenplukker” uitgelig word, om sodoende die waardes wat daarin na vore kom toe te lig.

Combrink (1989: 50) verwys na Favat se opinie dat Bettelheim se benadering tot 'n teks gebaseer is op die teorie dat daar agter die waarneembare (of gemanifesteerde) teks 'n verskuilde (of latente) teks bestaan, dat die karakters en gebeure duidelik waarneembaar teenwoordig is in die *gemanifesteerde* teks, terwyl daar in die *latente* teks verborge betekenis en simbole is.

Die verborge inhoud van die literêre kunssprokie is juis die verskuilde teks en die verbindings (“links”) wat Zipes (in Combrink 1989: 58) opmerk, naamlik dat die sprokie met tradisionele motiewe, figure en intriges van die volksverhaal eksperimenteer en daarmee veranderde waardes en ideologiese konflikte belig (“illuminate”). Zipes meen die literêre kunssprokie is die produk van 'n individu en dat dit met die verval van feodalisme in die Westerse wêreld en die skep van 'n burgerstand saamhang.

Frye (in Combrink 1989: 72) onderskei twee soorte beeldvorming as simboliek wat die basis van alle letterkunde is: die *sikliese* en die *dialektiese*:

The separation of images in the contrasting world or stages is ... the dialectical framework of literature, and is the aspect of it that enables literature, without moralizing, to create a moral reality in imaginative experience.

(Frye in Combrink 1989: 72)

In “De rijke bramenplukker” is daar die volgende eksplisiete en implisiete voorbeelde van sikliese simbole wat pas by Sloan (in Combrink 1989: 73) se diagrammatiese uiteensetting van sikliese literêre beelding van die ideale en nagmerriewêrelde:

- die opeenvolging van oggend, middag, aand en nag;
- die braamplukker wat ’n winterlandskap sien as hy na die wolke lê en kyk;
- die aankoms, vertrek en terugkeer van die reisiger;
- die rondans van die braamplukker om die tafel;
- dat dit ’n mens ’n hele dag neem om rondom een van die “spieëls” te loop; en
- die graf van sy ouers aan die begin van die sprokie (by ’n skeefgesakte kruis) en sy eie “graf” aan die einde wanneer hy aan ’n tak hang.

Voorbeelde van dialektiese simbole is die braamplukker se onskuld (naïwiteit) teenoor die werklikheid van ervaring (sy skuld en aandadigheid aan sy dood), en ook die goeie (idealistiese) werklikheid teenoor die wrede hebsug van die materialisme. Hiervolgens is dit duidelik dat die intrige van “De rijke bramenplukker” tematies pas binne die tragiese werklikheid van die ironiese (anti) held.

Humor en die absurde is ook kenmerkende eienskappe van die sprokie (Neethling 1977: 43). Die voorkoms van ironie (implisiet ook satire) in die gekose sprokie staan in die teken van Bomans se eie woorde:

Moeilijk is ook het sprookje omdat men van veel mogelijkheden dien af te zien. Ironie, sarcasme, elke vorm van humor behalve die welke in de situatie zelf gelegen is – men moet het allemaal prijsgeven in ruil voor een directe, snelle en heldere wijze van zeggen.

(Bomans in Popelier 1981: 52)

Daar is ’n satiriese ondertoon in “De rijke bramenplukker” – ’n skerp spot met

die moderne, twintigste-eeuse samelewing waarin daar nie meer tyd en plek is vir die droom en die mooie nie, maar waar tyd en geluk op grond van geld en rykdom bereken word. 'n Satiriese inslag word verkry deur die ommekeer van waardes en die absurditeit van die braamplukker se dood, waar sy straf buite verhouding is met die oortreding wat hy begaan het (Pienaar 1988: 77).

Die ironie in hierdie sprokie is veral geleë in die hoofkarakter en die reisiger wat by mekaar verbypraat. Die braamplukker praat van sy diamante, spieëls, paleis, suilgange, en mosaïek en hy verwys in figuurlike terme na al die rykdom in die natuur, terwyl die reisiger dit letterlik opneem. Verdere ironie kom ook daarin voor dat die hoofkarakter 'n soeker is na iemand met wie hy sy rykdom kan deel. Uiteindelik is hy op 'n mitiese soektog (vgl. Frye se siening, in Combrink 1989: 74) na sy eie identiteit, weer eens dus figuurlik en nie letterlik nie, terwyl die reisiger soek na rykdom. Volgens Meintjes (1994: 80) se siening is die braamplukker se soektog en verlange na 'n sosiale dimensie 'n ekologiese ekspedisie wat op 'n tragedie uitloop. Eindelik vind die braamplukker 'n persoon wat (hy dink) net soos hy is, maar die reisiger wat sy identiteit deel, is ook deel van 'n ander (bose, skynbaar onregverdige) wêreld en die braamplukker se identifikasie met hom veroorsaak laasgenoemde se dood.

Die raaiselagtige wreedheid van die sprokiesvertelling vind beslag in “De rijke bramenplukker” wanneer die absurde gebeure ten slotte afspeel as die burgers die hoofkarakter ophang omdat hulle begeertes/wense nie deur hom vervul kon word nie. Lohann (1986: 58) noem wreedaardigheid 'n kenmerk van sprokies. Die verklaring vir hierdie verskynsel kan gevind word in Blonsky en Desnoes (1999) se opvatting dat die funksie van simboliese narratiewe nog altyd was om 'n katarsis te bewerkstellig. Hulle verwys na Aristoteles se opmerking, naamlik “the function of art was to purge and purify”. Blonsky en Desnoes (1999) is van mening dat “in a culture that denies catharsis and glorifies action, the symbolic narrative of everyday tragedy becomes a role-model event”.

Popelier (1981: 51) se aansluiting by Bomans oor die onderliggende motiewe in sprokies kan net sowel 'n bespreking van genoemde sprokie wees as hy sê dat dit hierby veral veelseggend is dat sprokies oor die hele wêreld steeds dieselfde motiewe, simbole en strukture vertoon. Die motiewe kan van allerlei aard wees, soos die soeke na rykdom of die verlies daarvan en ook simboliese magte wat die lot van die sterfling bepaal. 'n Ander motief wat Popelier noem as voorbeeld van die kontras tussen fantasie en nugterheid (1981: 52-53) is toepaslik op die interpretasie van die gekose sprokie, naamlik die dromers aan die een kant, teenoor wie daar 'n vyandige, realistiese wêreld staan “die zo ijselijk verstandig” is.

6 Slotopmerking

You have to be dead to be value-neutral.
(Blumenfeld in Sommers 1993)

Godfried Bomans se sprokie “De rijke bramenplukker” kan met vrug gebruik word ten einde omgewingsgeletterdheid en karakterontwikkeling by adolessente leerders van Afrikaans in Suid-Afrika te bevorder. Die verskuilde (latente) teks is gelaai met universele waardes, wat genoegsame getuieis lewer dat persone wat reeds goed op weg is in die proses van volwassewording dit kan lees as ’n bydrae tot die formulering en ontwikkeling van hulle eie opinies, omdat hulle waardes uiteindelik deur die algemeen menslike waardes in hierdie literêre teks geïdentifiseer en verhelder kan word binne die Uitkomsgebaseerde Onderwyskonteks in Suid-Afrika.

Uiteindelik kan Schreuder (2002: 8) se visie vir omgewingsopvoeding werklik word deur die lees en bestudering van hierdie sprokie, omdat die multidimensionele omgewingskrisis wat in die sekondêre werklikheid van die sprokie uitgebeeld word, tot ’n nuwe ingesteldheid van ’n nuwe generasie volwassenes kan lei, sodat die mistieke vloei van die lewe herstel kan word.

* Die insigte en idees van die 2002-groep Nagraadse Onderwysstudente (Didaktiek van Afrikaans) aan die Universiteit van Stellenbosch oor die onderrig van hierdie sprokie word met dank en waardering erken.

Verwysings

- Bettelheim B.
1976 *The Uses of Enchantment: The Meaning and Importance of Fairy Tales*. London: Penguin.
- Blonsky, M. & Desnoes, E.
1999 Colorado: Divining a Child’s Reality. In: *Christian Science Monitor* 91 (112), 5 June. Academic Search Premier, 1814222.
- Bomans, G.
1946 *Moeder de gans: Over sprookjes in het algemeen en over Charles Perrault in het bijzonder*. Utrecht: N.V. Dekker & Van de Vegt.
1948 *Sprookjes*. Amsterdam: Elsevier.
1982 *De glimlach die blijft*. 3de druk. Amsterdam: Elsevier.
- Brouwers, J.
1982 *De wêreld van Godfried Bomans*. Amsterdam: Atlas.
- Combrink, L.E.
1989 Die onderrig van prosa in Afrikaans as Eerste Taal in standerds 3, 4 en 5. PhD.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

- Degenaar, J.J.
1990 Intertekstualiteit. In: Malan, C. & Jooste, C. & G.A. *Onder andere: Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste*. ALV Publikasiereeks 4. Pretoria: UNISA.
- Du Plooy, H.
1990 Kontemporêre literatuurteorie en die studie en onderrig van die Afrikaanse letterkunde. In: Malan, C., Jooste, C. & G.A.. *Onder andere: Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste*. ALV Publikasiereeks 4. Pretoria: UNISA.
- Ester, H.
1996 De terugkeer van het sprookje: Over achtergronden van een opmerkelijk verschijnsel. *Stilet* 8(2): 132-139.
- Field, C.W. & Weiss J.S.
1987 *Values in Selected Children's Books of Fiction and Fantasy*. Connecticut: Library Professional Publications.
- Harty, E.R.
1985 Text, Context, Intertext. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 1(2): 1-13.
- Lohann, C.
1986 *Kinderlektuur*. Pretoria: HAUM.
- Meade, R.A. & Small, R.C.
1973 *Literature for Adolescents: Selection and Use*. Ohio: Charles E. Merrill.
- Meintjes, G.
1994 Die ekologie as (vernuwende) leesstrategie. Vernuwings in die Afrikaanse letterkunde. Referate gelewer tydens kongres van Afrikaanse Letterkunde, Universiteit van Port Elizabeth.
- Neethling, J.S.
1977 *Kinderletterkunde: Sy aard en onderrig*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Nolte, E.
1989 Die teks as interteks: 'n Paradoks. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 5(1): 1-27.
- Paterson, R.W.K.
1979 *Values, Education and the Adult*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Pienaar, E.
1988 Vyf verhale in *Bestek*. *Klasgids* 23(4) Oktober: 64-77.
- Popelier, E.
1981 *Godfried Bomans*. Nijmegen: B. Gottmer.
- Rossouw, M.A.
1992 Resepsieteorie. In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: Haum-Literêr, pp. 427-429.
- Schreuder, D.
2002 Omgewingsopvoeding: 'n Groen kurrikulum of kritiese pedagogiek? Intreerede, Universiteit van Stellenbosch.
- Sommers, C.H.
1993 Teaching the Virtues. In: *Public Interest*, Spring 93, Issue 111. Academic Search Premier, 9306015516.

- Steenberg, E.
1987 *Fantasie en die kinderboek: 'n Kernhandleiding*. Pretoria: HAUM.
- Stephenson, J. (ed.)
1998 *Values in Education*. New York: Routledge.
- Stewig, J.W.
1980 *Children and Literature*. Chicago: Rand McNally College.
- Waardes in die onderwys
2001 *Die Unie* 97(4). Mei: 1.
- Weiner, J.P. & Stein, R.M.
1985 *Adolescents, Literature, and Work with Youth*. New York: Haworth.